# MINI-ROK SE GROOT PROBLEEM OPGELOS!



● *So ja! Nou kan 'n nooi mos „Mini" soos sy wil. Die nuwe spanbroekie hou net mooi nêrens op nie.*

MEISIES in mini-rokke „word gedoem om vir ewig te loop want hulle vind dit onmoontlik om te sit." So sê Etienne Leroux, bekende Afrikaanse skrywer, in sy nuwe boek DIE DERDE OOG.

**MAAR MODE-MENSE HET VIR ALLES RAAD**

'n Toonaangewende Kaapse kousvervaardiger het die mini-menigtes te hulp gesnel en so pas 'n kousbroek op die mark geplaas. Dis 'n soort spanbroek, oulik gefatsoeneer van veerligte rekbare Nylon wat nie sommer leer nie en nooit knel nie. Dié spanbroek is eintlik niks anders as 'n paar kouse met 'n broekie aan nie en is in vyf mode-skakerings beskikbaar, nl. Silver Mist, Daydream, Sunblush, Pastel-pienk en Pastelblou en dit verkoop teen R1.49 elk. Dit is net so dun en mooi soos gewone kouse en die dame wat wil „Mini", kan dit na hartelus doen sonder om te vrees dat die bokant van die kous en kousophouers haar skoonheid sal ontsier as sy moet buk. Met hierdie nuwe uitvindsel hou die kouse nêrens op nie. Gordels, kousbande en broekies word hiermee uitgeskakel.

Dit wil dus voorkom asof ons skrywers net nie kan byhou by die Eva's se modegrille nie!